

“ ‘Kom na My Toe . . . ’ ”



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Matt. 11:20-30, hfst. 5:5, Deut. 18:15, Gal. 5:1, Eks. 18:13-22 en Gal. 6:2.*

Geheeteks: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (*Matt. 11:28, OAB*).

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” – wat ’n wonderlike belofte gee Jesus ons hier! Wie van ons ons het, per slot van rekening, nog nooit vermoeid en belas gevoel nie. Hierdie las kan deur werk veroorsaak word (wat inderdaad dikwels ’n sondebok is). Is dit nie egter die moeite en vermoënis van die lewe self wat hoofsaaklik hierdie vermoënis en swarigheid meebring nie? In hierdie skrifgedeelte sê Jesus vir ons: Ek weet wat julle deurmaak en Ek kan julle daarmee help – as ons Hom natuurlik toelaat om dit te doen.

Nadat Jesus ons aansê om sy juk op ons skouers te neem, voeg Hy by: “Want my juk is sag en my las is lig” (*Matt. 11:30, OAB*). Met ander woorde: *raak ontslae van die laste wat julle dra en gee dit vir my, en dan dra jul liewers myne, want myne is makliker om te dra.*

Hoe kan ’n mens die rus waarvan Jesus hier praat, ervaar? Ons leef immers in ’n gevalle wêreld, met die gevolge wat God soos volg aan Adam beskryf het: “Net deur harde werk sal jy kan eet” (*Gen. 3:19, NAB*). So, ons weet dus wat dit beteken om te werk en hoe dit voel om met laste te spook wat lyk asof dit darem net te swaar is om te dra – of liewers, wat net te swaar is as ’n mens dit alleen probeer dra.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 31e Julie.*

“Ek Sal Julle Rus Gee”

Lees Matteus 11:20-28, waar Jesus sê: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (vers 28, OAB). In watter konteks spreek Jesus hierdie woorde? Hoe gee Jesus ons die rus waarvan Hy hier praat?

Net soos die mens, praat Jesus ook binne ’n bepaalde konteks. As ’n mens Hom wil verstaan, moet jy dus die konteks van sy woorde begryp, veral as jy Hom nie verkeerd wil verstaan nie.

Matteus 11 dui op ’n keerpunt in die Evangelie volgens Matteus. Die veroordeling van belangrike Galilese stede is die skerpste woorde wat Hy tot dusver in hierdie Evangelie geuiter het. Jesus plak nie pleistertjies op die pitswere nie, maar bring die skalpel nader en sny dit oop. Boonop gaan Hy om met die “verkeerde soort” (Matt. 9:9-13). Hy sê ook dat Hy in staat is om sonde te vergewe, wat die godsdienstige leiers van sy tyd se ore behoorlik laat tuit het (Matt. 9:1-8).

Jesus se oordele is besonder skerp. Hy stel die mense in ’n ongunstige lig deur hulle met Sodom van ouds te vergelyk, ’n plek wat destyds as die vergestaltung van hardnekkige boosheid beskou is (en vandag steeds so beskou word). “Maar Ek sê vir julle: Op die dag wanneer God sal oordeel, sal Hy die mense van Sodom minder straf as vir julle” (Matt. 11:24, ABA).

Die atmosfeer raak hier gespanne. Tog slaan Jesus, te midde van hierdie spanning, ’n nuwe rigting in, en bied sy toehoorders ware rus. Hy is by magte om dit te doen omdat die “Vader... alles aan My toevertrou [het], en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader” (Matt. 11:27, NAB). Jesus se vermoë om rus te skenk, berus dus op sy goddelikheid en die feit dat Hy een met die Vader is.

Voordat ’n mens eger jou laste kan neersit, moet jy eers beseef dat jy dit nie alleen kan dra nie. Om die waarheid te sê, die meeste van ons sal eers na Jesus kom nadat ons ons ware toestand beseef het. Jesus se uitnodiging is dus aan die behoeftiges.

Jesus se woorde in Matteus 11:28 begin met die imperatiewe vorm van die werkwoord in die Grieks (m.a.w. dit is in die vorm van ’n bevel). “Kom” is nie opsioneel nie, maar is die voorwaarde waaraan ’n mens moet voldoen as jy rus wil hê. “Kom” beteken dat ’n mens die leisels van jou lewe aan Jesus moet gee. In die hedendaagse wêreld waarin ons so baie dinge met gemak beheer – sommer met slimfone – strook die bevel om na Jesus te kom nie met ons natuurlike ingesteldheid nie. Om die waarheid te sê, daardie oorgawe is vir die meeste mense die moeilikste deel van die Christelike lewe.

Ons hou daarvan om te praat van alles wat die Here vir ons doen in Christus, en hoedat ons nie onself kan red nie, en so meer. Hierdie dinge is weliswaar reg en goed. Op die keper beskou, moet ons nietemin bewustelik kies om na Jesus te “kom,” wat beteken dat ’n mens jou aan Hom moet oorgee. Dit is hier waar vrye wil as ’n deurslaggewende werklikheid vir die praktiese geloofslewe duidelik na vore tree.

Watter laste dra jy? Hoe kan jy leer om daardie dinge na Jesus te bring en dan die rus te smaak wat Hy ’n mens bied, ’n rus waarvoor Hy so ’n geweldige hoe prys betaal het?

“Neem my juk op julle”

Lees Matteus 11:29 en 30. Hoekom beveel Jesus ons om sy juk op ons te neem, en dit na die uitnodiging om ons laste aan Hom te gee en so ware rus te vind?

Na die eerste imperatief in Matteus 11:28 – naamlik om te “kom” – het ons in vers 29 ’n verdere twee werkwoorde in die bevelsvorm.

“Neem” en “leer” het te make met die toehoorder (en ook die leser) wie se aandag op Jesus gevestig is. Ons moet sý juk opneem en by Hóm leer.

Die intieme band binne die Godheid, tussen die Vader en die Seun (wat Jesus in *verse 25 tot 27* laat deurskemer), bied ons ’n kragtige woordprentjie wat moontlik die gebruik van die juk-beeld in hierdie verse verklaar. Die Vader en die Seun werk saam ter verlossing van die mens. Hoewel die juk ’n simbool van onderwerping is (*vgl. Jeremia 27*), is dit ook ’n metafoor wat op samewerking ter wille van ’n gemeenskaplike doelwit dui. Ons onderwerp ons aan sy juk en aanvaar die taak wat Hy ons gee om die wêreld tot seën te wees. Ons dra dus nie sy juk alleen nie. Nee, ons is bloot saam met Hom gejuk, want sy juk “is sag” en sy las “is lig” (*Matt. 11:30, OAB*).

Die tweede imperatief, “leer van My,” herhaal die vorige begrip. In die Grieks is daar ’n vormlike band tussen die werkwoord “leer” en die selfstandige naamwoord “dissipel.” Wanneer ’n mens van Jesus leer, is jy waarlik sy dissipel. Gehoorsaamheid en toewyding is eienskappe van dissipelskap.

In Matteus 11:28 praat dit van “belas” wees, en in vers 29 van Jesus se juk wat opgeneem moet word. Hoe verskil die twee van mekaar?

In die Joodse geloof van ouds was die juk ’n algemene metafoor vir die wet. Handeling 15:10 gebruik dit verwysende na die besnydeniswette. Galasiërs 5:1 kontrasteer die vryheid wat Jesus bied met ’n slawejuk. Laasgenoemde verwys na die wet as ’n manier om verlossing te kry. Om onder die juk van Jesus te wees, beklemtoon die bereidwilligheid om getrou en gehoorsaam in Jesus se voetspore te volg, en om aktief deel van sy sending te wees. Hoewel daar absoluut niks tot die verlossing wat Jesus vir ons aan die kruishout behaal het, te voege is nie, kan ons wel sy ambassadeurs wees en die goeie nuus met die mense om ons deel. Jesus se interpretasie van die wet, soos uiteengesit in die Bergrede (*Matteus 5-7*) is selfs radikaler as dié van die Fariseërs. Dit vereis hartsjirurgie – ’n operasie wat die motiewe transformeer – waar sy juk sag en sy las lig is (*Matt. 11:30*).

Wat ’n wonderlike belofte! Rus vir ons siele. Hoe het jy reeds daardie rus ervaar? Hoe is dit? Hoe kan ’n mens dit begin ervaar deur op Jesus, en dit wat Hy ons bied, te fokus?

“Ek is sagmoedig en nederig van hart”

Sagmoedigheid is deesdae ’n ondergewaardeerde karaktertrek. Nederigheid word afgelag. Sosiale media het ons geleer om aandag te gee aan dié wat die meeste lawaai opskop en die hardste praat, aan almal wat wilde en eksotiese dinge aanvang, aan dié wat laf en flambojant is. Baie van die wêreld se standarde is lynreg teen die dinge wat God as belangrik sien en na waarde skat.

“Om te weet wat die waarheid is, gaan nie soseer oor ’n flinke intellek nie, maar eerder oor [die uit leef] van ’n edel doel, oor die eenvoud van ’n opregte geloof wat van afhanklikheid aan God getuig. Die engele van God kom nader aan diegene wat nederig bid en vir leiding van Bo vra. Aan diesulkes word die Heilige Gees gegee sodat al die skatte van die waarheid aan hulle bekend gemaak kan word” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 59).

Lees Matteus 5:5, 1 Petrus 3:4 en Jesaja 57:15. Hoe sal jy, gebaseer op hierdie teksverse, sagmoedigheid en nederigheid definieer?

Paulus praat in 2 Korintiërs 10:1 van “die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus” (OAB). Sagmoedigheid, vriendelikheid en deernis beteken nie dat ’n mens ’n swakkeling is of ander mense oor jou laat loop nie. Self het Jesus nooit skoor gesoek nie en het dikwels konfrontasie vermy omdat sy sending nog nie volvoer was nie (Joh. 4:1-3). Wanneer ander Hom gekonfronteer het, het Hy nietemin dapper sy man gestaan. Terselfdertyd het Hy mooi met andere gepraat. Let byvoorbeeld op sy hartseer uitspraak oor Jerusalem kort voor sy kruisiging. Hy skel hulle nie uit nie, praat nie neerhalend nie, maar betreur die stad se traumatiese ondergang op ’n besonder kleurrike wyse (Luk. 19:41-44).

In die Nuwe Testament word Jesus dikwels as die tweede Moses beskryf. Jesus bevind Hom op ’n berg wanneer Hy die beginsels van sy koninkryk bekend maak (Matt. 5:1) en Hy voed groot klompe mense m.b.v. wonderwerke (Matt. 14:13-21). In Numeri 12:3 word Moses “sagmoedig” (OAB) genoem, wat in Matteus 11:29 ook van Jesus gesê word. Met die voed van die 5,000 het die mense in vervoering uitgeroep: “Hy is werklik die Profet, die Een wat na die wêreld toe moes kom!” (Joh. 6:14, NAB) — ’n verwysing na Deuteronomium 18:15 en Moses se profete-amp.

Jesus se sagmoedigheid en nederigheid gaan duidelik dié van Moses vooraf. Jesus is, per slot van rekening, ons goddelike Verlosser. Hoewel Moses aangebied het om in die volk se plek te sterwe (Eks. 32:32), sou sy dood niks uitgerig het nie, aangesien Moses ook ’n sondaar was en self behoefte aan ’n Verlosser gehad het – iemand om sy sondes te dra én daarvoor te betaal. Hoewel die gelowige lesse uit Moses se lewensverhaal en sy voorbeeld kan leer, kan ’n mens nie verlossing in hom vind nie.

Wat ons eerder benodig is ’n Verlosser wat ons plek kan inneem, nie net as ’n middelaar nie, maar ook as ’n plaasvervanger. Christus se middelaarskap is gewis belangrik. Tog is slegs die gekruisigde Jesus, die God wat ’n soendood vir ons gesterwe het – Hy wat met en deur sy ganse wese die prys vir ons sonde betaal het – in staat om ons te red. Waarvan red Hy ons? Van die wetlike gevolge van ons sonde, wat ons eintlik na regte self behoort te dra. Sonder die kruis en die opstanding sou alles dus verniet gewees het, ongeag hoe volmaak Jesus as ons groot voorbeeld was en is.

“Want My Juk Is Sag”

Soos ons reeds gesien het, is Matteus se gebruik van die woord “juk” in vandeeweek se skrifgedeelte ’n herhaling van ’n Ou-Testamentiese begrip wat deur die destydse Jode gebruik is. Hierdie juk-simbool herhaal hom ook in die Nuwe Testament waar skrywers misverstande oor die rol van die wet uit die weg probeer ruim.

Die Griekse term in Matteus 11:30 wat as “sag” in die *OAB* en *NAB* vertaal word, kan ook as “goed,” “aangenaam,” “nuttig” en “welwillend” vertolk word. Baie mense voel egter deesdae dat die wet van God outoritêr is, ook dat dit moeilik is om na te kom en soms selfs irrelevant is. Hoe kan ons diesulkes help om die prag van die wet raak te sien en hulle tot liefde vir die Gewer van daardie wet te inspireer?

’n Wankelmoedige eerste tree, gevolg deur ’n tentatiewe tweede, en dan ’n derde – vir ouers is dit ’n onvergeetlike oomblik wanneer die kleinding begin loop. Op daardie punt is die kind egter geneig om te struikel en te val. Soms huil die tjokkertjie en soms is daar ook ’n blou kolletjie, maar sodra die kind eers die vryheid van beweging gesmaak het, sal hy of sy sommer gou weer opstaan om weer probeer. Loop, val, staan op. Loop, val, staan op. Dié patroon herhaal sigself vele kere totdat die kind kan loop sonder om te val. Tog het ’n mens, te midde van die gestruikel en geval, daardie trotse, triomferende gesiggie wat eintlik sê: *Mamma, Pappa, kyk ek kan loop!*

Net so is dit nie altyd maklik om Jesus te volg nie. Nietemin is dit altyd die goeie en die regte ding om te doen. Ja, soms struikel ’n mens. Soms val jy. Tog kan ’n mens opstaan en aanhou om sy-aan-sy met Jesus te loop.

In Galasiërs 5:1 skryf Paulus: “Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie” (*NAB*). Wat beteken dit? Hoe het Christus ons vrygemaak? Paulus waarsku die leser teen ’n “slawejuk.” Hoe verskil dit van die juk wat Christus ons vra om op te neem?

Ongeag wat Paulus presies met “slawejuk” bedoel het, is een ding seker: dit dui beslis nie op die onderhouding van die wet van God, oftewel die tien gebooie nie. Allermins. Dit is juis deur ons gehoorsaamheid aan die wet, as ’n uitvloeisel van ons geloof, dat ons ware rus en vryheid kan geniet. Die onderhouding van die tien gebooie deur geloof geskied boonop met die besef dat ons verlossing alleenlik ’n uitgemaakte saak in Christus is. Daardie verlossing kom egter nie deur die wet nie, maar deur die geregtigheid van Christus wat ons dek.

Om ’n lewe van gehoorsaamheid aan God se wet te leef, bring meer innerlike rus as ’n lewe van ongehoorsaamheid aan daardie wet. Hoe so?

“My Las Is Lig”

Jesus se laaste sinsnede in Matteus 11:30 gebruik ’n beeld wat daarop dui dat ’n mens iets met jou saamdra: “My juk is sag en my las is lig” (NAB).

Moses was verheug om sy skoonpa Jetro te sien nadat die volk Egipteland verlaat en deur die Rooisee gegaan het. Lees Eksodus 18:13-22. Wat beteken dit om ’n ander se laste te dra in hierdie verhaal?

Eksodus 18:13 sê vir ons dat die mense van die oggend tot die aand gekom het om hul geskille te besleg. Toe Moses se skoonpa dit sien, doen hy ’n ernstige beroep op sy skoonseun om strukture te skep sodat Moses op die groter probleme kon fokus terwyl andere die meer alledaagse probleme uitsorteer. Die Skrif sê vir ons dat Moses na Jetro geluister het. Hy het inderdaad die voorgestelde veranderings geïmplementeer, veranderings wat nuwe lewe aan sy leierskap gegee het.

Met Jesus se woorde, dat sy las lig is, herinner Hy die gelowige daaraan dat ons op Hom kan staatmaak, die grootste Lasdraer in alle ewigheid. Net soos Moses moet ’n mens leer dat jy andere se hulp met die dra van jou laste nodig. Let op die beeld wat Paulus in 1 Korintiërs 12:12-26 gebruik: die liggaam van Christus. Dit illustreer mooi wat die dra van mekaar se laste moontlik behels. ’n Mens nodig ’n funksionerende liggaam om enige swaar voorwerp te kan dra – bene, arms, skouers, spiere en senings.

Lees Galasiërs 6:2. Hoe vervul ’n mens die wet van Christus deur mekaar se laste te dra?

Die onmiddellike konteks van hierdie skrifgedeelte kan dalk ’n antwoord bied. In vers 1 sê Paulus die volgende: dat as ’n broer of suster voor versoeking geswig het, daardie persoon reggehelp moet word, en dat dit in ’n gees van sagmoedigheid moet geskied (onthou hier Jesus se woorde in Matteus 11:29 waar Hy gesê het dat Hy sagmoedig is). Om andere se laste te dra, beteken dat jy iemand wat die pad byster geraak het, reghelp, deur hul aandag op God se genade te vestig. Om iemand se laste te dra beteken egter ook dat ’n mens andere se swaarkry verlig of dat iemand joune verlig. Die Griekse term wat as “las” vertaal word, verwys na ’n swaar gewig of klip. Dit wys ons opnuut daarop dat ons almal swaar dra, en derhalwe ’n helpende hand nodig. Om die dra van laste te deel, is ’n Godgegewe kerk-aktiwiteit wat sagmoedigheid vereis en wat medelye in ons aankweek.

Dink aan die mees onlangse keer dat iemand jou gehelp het om ’n sware las te dra. Hoekom het daardie hulp vir jou so baie beteken? Wie se laste kan jy help dra?

Stof tot Nadenke: “As jou werk vir jou te swaar is, as jy oor [allerhande] probleme en beproewinge kla, as jy sê dat jy nie krag het om versoekings teë te staan nie, dat jy nie ongeduld kan oorkom nie en dat die geloofslewe net opdraand is – dan kan jy vir seker weet dat jy nie die las van Christus nie, maar dié van ’n ander meester dra” (Ellen G. White, *Child Guidance*, bl. 267).

“Groot is die behoefte aan konstante waaksaamheid en aan opregte en liefdevolle toewyding. Tog kom hierdie dinge outomaties wanneer ’n mens se innerlike met geloof en die krag van God op koers gehou word. Ons kan niks – net mooi niks – doen om ons in guns by God te bring nie. Ons behoort nie op onself of ons goeie werke staat te maak nie. Nee, as fouterende, sondige wesens moet ons tot Christus gaan, sodat ons in sy liefde rus kan vind. Die Here aanvaar elkeen wat hom/haar opreg op die meriete van ’n gekruisigde Verlosser beroep. Die saadjie van liefde ontkiem in daardie gelowiges se hart. Selfs al is daar geen ekstatische gevoelens nie, beleef diesulkes die vrede van ’n stille en blywende vertroue. Elke las is lig omdat die juk wat Jesus ’n mens gee lig is. Jou plig word jou vreugde, en opoffering ’n plesier. ’n Mens se lewenspad wat eens op ’n tyd in duister gehul was, baai nou in die strale van Christus se geregtigheid. So wandel ’n mens in die lig van God, net soos Jesus [toe Hy op aarde was]” (Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 38, 39).

Besprekingspunte:

- ① Onthou jy daardie oomblik in jou wandel met Jesus toe jy uiteindelik alles aan Hom oorgegee het? Deel dit met die klas en noem pertinent hoekom jy daardie oorgawe gemaak het.
- ② Bestudeer Jesus se gebed in Matteus 11:25-27 en bespreek die volgende gedurende klastyd: hoe leer ’n mens wat genade is? Hoekom verberg God die verlossingsplan (“hierdie dinge”) vir slim en geleerde mense, maar maak dit dan aan eenvoudiges bekend? (“these things”) from the wise and prudent and reveal them to babes?
- ③ Dink aan die mense om jou wat swaar aan hul laste dra, maar wat sukkel om dit na Jesus te bring en by Hom rus te vind. Hoe kan ’n mens diesulkes op ’n praktiese wyse help?
- ④ Bepeins ’n bietjie die idee dat ’n mens “sagmoedig en nederig van hart” (*NAB en OAB*) moet wees. Het hierdie karaktertrekke nie egter ’n negatiewe uitwerking op die gelowige se eiewaarde nie? Behoort ’n mens dan nie goed oor jouself te voel nie, veral dié van ons wat te min selfvertroue het? Dink nou aan die kruis en wat dit simboliseer. Hoe behoort dit ’n mens te help om te verstaan wat Jesus met die voorskrif om “sagmoedig en nederig” te wees, bedoel? Met ander woorde: Hoekom is sagmoedigheid en nederigheid, in die teenwoordigheid van die kruis, waarlik die enigste geskikte houding om te hê?